# ATTAQUASKLOOF – VERGETE POORT NA DIE KLEIN KAROO

J.A. van Tonder
Laerskool Wesbank, Oudtshoorn

Op 26 Januarie 1689 het die eerste geweerskoot oor die Klein Karoo weergalm toe Izak Schrijver se geselskap 'n berg-kwagga in die Attaquaskloof geskiet het.

Izak Schrijver is deur Simon van der Stel gestuur om te gaan vee ruil by die Inqua-stam wat in die Kamdeboo, naby die huidige Aberdeen, gewoon het. Hy was op pad met twee waens, twee en twintig blankes en 'n aantal Khoikhoi. Hy het die Kaap reeds op 4 Januarie verlaat en 'n roete oor die huidige Caledon, Swellendam en Heidelberg gevolg. Vanaf die Gouritzrivier het hy noordoos getrek in die rigting van die Outeniquaberge.

'n Plaaslike inboorlingstam het paaie aan hom uitgewys waarlangs olifante die berge oorgesteek het. Dié paaie moes eers oopgekap en begaanbaar gemaak word. Uiteindelik, na 4 dae van swoeg en sweet, het die geselskap die berg oorwin. Hierna het hy suid van Oudtshoorn verby getrek, min of meer die Olifantsrivier gevolg en oor die huidige Willowmore na die Kamdeboo gereis.

Die ekspedisie wat uiters geslaagd. Nie alleen is meer as 500 stuks grootvee en 'n aantal skape geruil nie, maar baie inligting is bekom oor die binneland, veral die gebied oos van die Gouritz. Goeie handelsbande is gesmee met die Inquas en waardevolle inligting is verkry oor die Xhosas wat verder ooswaarts gebly het. Die pad na die binneland is oopgetrap vir latere georganiseerde sendings, bv. die van Hübner (1736) en Beutler (1752). Ook talle beroemde wetenskaplikes, veral plantkundiges (Auge, Thunberg, Masson), het oor die Attaquaskloof gereis om die ongeëwenaarde plantegroei van hierdie gebied te bestudeer. Die eerste blankes wat hulle teen 1731 permanent in die Oudtshoorn-gebied kom vestig het, het natuurlik ook van die Attaquaskloof gebruik gemaak.

In latere jare was die pas baie bedrywig. Daarvan getuig die bouvalle van die ou perdestalle, 'n ou watermeul en die verlate hotel aan die voet daarvan. Met die oopstelling van 'n korter pad tussen Mosselbaai en Oudtshoorn, oor die Robinsonpas, het die Attaquaskloofpas in onbruik geraak – en vergete.

Om Izak Schrijver se historiese tog oor die Outeniquaberge

*Leerlinge van Laerskool Wesbank wat tydens die feesvieringe opgetree het: P. van Vuuren, T. Botha, A. van der Merwe en R. Louw. Regs sit mnr. B. Buys, die skoolhoof.*



te herdenk, het leerlinge van die Laerskool Wesbank (Oudtshoorn) vanjaar op 28 Januarie 'n feesprogram in die Attaquaskloof aangebied. Voortrekkers van die Herrie-kommando het die vlaghysing behartig, waarna die hoofdogter, Adri van der Merwe, die Skriflesing en gebed gedoen het.

Theuns Botha (hoofseun) het 'n historiese oorsig gegee van dit wat 300 jaar tevore gebeur het en Pieter van Vuuren het die bedankings gedoen. Nog 'n leerling van Laerskool Wesbank, Rehette Louw, was die seremoniemeester. Drie seuns het elk 'n geweerskoot afgevuur – een vir elke honderd jaar. Nadat 'n aantal duiwe losgelaat is en noordwaarts koers gekies het, het afgevaardigdes van Oudtshoorn se skole en onderwysinrigtings boodskappe in 'n glaskissie geplaas, tesame met koerante wat berigte oor die feesvieringe bevat het. Die glaskissie is verseël en toegemessel in 'n monumentjie wat na afloop van die verrigtinge in die historiese pas opgerig is. Die groot aantal feesgangers is genooi om elk 'n klip aan te dra wat vir die bou van die monument gebruik is.


Na afloop van die verrigtinge is 'n staptog onderneem na 'n ou fort wat aan die begin van die eeu deur die Mossel Bay Town Guards opgerig is.

**BRONNE**


1. Theal, G.M. 1891: *Korte Geschiedenis van Zuid-Afrika*. 'S-Gravenhage: Martinus Nijhoff.
2. Boehmke, M. *et al.* 1952. *Geskiedenis van Oudtshoorn.* Kaapstad: Nasionale Pers Bpk.
3. Oudtshoorn Courant: 1989-01-27.




*Voortrekkers van die Herrie-kommando op Oudtshoorn hys die vlag in Attaquaskloof.*



*Die murasies van ou perdestalle naby die hotel.*


*Boodskappe word in die glaskissie geplaas.*







*Die verlate ou fort wat vandag die pas bewaak, is deur die Mossel Bay Town Guards opgerig.*

*Die ou hotel aan die voet van die pas. Dit het in onbruik geraak na die oopstelling van 'n nuwe roete oor die Robinsonpas.*





*Adri van der Merwe, hoofmeisie van Laerskool Wesbank, Oudtshoorn, by die glaskissie met dokumente, koerante en boodskappe, wat in die monumentjie toegemessel is.*



*Die voltooide monument.*